**10 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:33-40**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:40**

## ’n Goeie begeerte

Die wet van die Here is duidelik dat ons nie mag begeer nie. Nou gaan dit nie net oor my buurman se motor of meer stoflike voorspoed nie. In ons belydenis word hierdie laaste gebod van God omvattend verklaar dat daar geen begeerte in ons hart mag opkom om teen enige van die gebooie van God te oortree nie.

In vers 40 van Psalm 119 word die positiewe kant van dieselfde gedagte verkondig. Die Psalmdigter besing volgens elke letter van die Hebreeuse alfabet die heerlikheid en skoonheid van God se wet. In die *He*-gedeelte van die Psalm word die begeerte na die wet van die Here mooi uiteengesit. Hy bid dat die Here hom sal onderrig in die wet, maar dat dit dan nie net ’n dooie verstandkennis bly nie. Hy wil die wet bewaar, hy wil dat sy hele hart op die wet gerig word, want daarin het hy behae.

Hier sien ons al die vooruitskouing na Christus wat in alles aan sy Vader gehoorsaam wou wees. Dit was ook sy begeerte en Hy het dit in volmaaktheid volbring. Soos ’n honger mens ’n begeerte na voedsel het, was dit die voedsel van Christus om die wil van sy Vader te doen (Joh. 4:34). Die realiteit is egter dat die sonde steeds ’n werklikheid in ons lewe is. Tog kan ons steeds weet dat die volmaakte begeerte van Christus ons deel geword het en dat Hy ons begeertes heilig voor die Vader.

In hierdie begeerte van Christus kan ons vandag ook ons begeertes toets. Ons wil so baie dinge hê, so baie dinge doen en so baie dinge vermag. Nie al daardie begeertes is op sigself sleg nie, maar steeds moet ons hierdie belangrike vraag vra. Is kennis na hart en siel in die Woord van God die een belangrikste begeerte van ons hart?

*Sing: Psalm 40:3, 4 (1936)*

*Ds. C Jooste (Wonderboompoort)*